# Graad 6 leerders se sienings oor die uitdagings wat hulle met wiskundige woordprobleme ervaar

In vergelyking met ander lande vertoon Suid-Afrikaanse leerders se prestasies met probleemoplossing swak. Om leerders se vaardigheid met probleemoplossing te verbeter moet daar vasgestel word wat leerders se uitdagings is ten opsigte van probleemoplossing, spesifiek, woordprobleme. In hierdie studie het ek 15 sessies met 'n groep Graad 6 leerders gehou. 'n Vraelys, werkkaarte met woordprobleme, klasbesprekings en veldnotas is gebruik om leerders se sienings oor die uitdagings wat hulle met wiskundige woordprobleme ervaar kwalitatief te ondersoek. Die fokus van die werkkaarte was om leerders se foute, uitdagings en dit wat hulle wel geniet met woordprobleme te ondersoek terwyl die vraelys se fokus was om vas te stel wat leerders se houdings en oortuigings oor probleemoplossing is. Die sestien woordprobleme wat in hierdie studie gebruik is, is verdeel in drie groepe, gebasseer op die verwagte strategie wat die probleme kan ontlok. Die drie groepe is: basiese bewerkings, probeer-en-tref en visuele voorstelling. Die bevindinge toon dat die leerders die beste met die basiese bewerkings presteer het en die swakste met probleme wat 'n probeer-en-tref strategie behels. Alhoewel die lees van probleme 'n aansienlike uitdaging vir die leerders was, was hulle grootste probleem die onvermoë om 'n geskikte strategie vir die oplos van woordprobleme te identifiseer. Gevolglik was die mees algemene fout die gebruik van getalle in die probleemstelling in onvanpaste bewerkings, terwyl die konteks van die probleem geïgnoreer is. Al drie groepe het die somme geniet, veral die meer uitdagende probleme. Die bevindinge toon verder dat die leerders vertroue het in hulle vermoëns as probleemoplossers, ten spyte van hulle onvermoë om hul antwoorde effektief te beoordeel en eerder staat te maak op eksterne evaluering. Hierdie studie dra by tot die bestaande literatuur oor probleemoplossing deur die leerders se sienings te beklemtoon en voorsien aan onderwysers 'n blik op hoe leerders probleemoplossing ervaar.

Ednel Theart

Studieleier: Dr Erna Lampen